human dignity • ubuntu
menswaardigheid • botho

SEASON OF HUMAN DIGNITY
IXESHA LESIDIMA SOMNTU
SEISOEN VAN MENSWAARDIGHEID
NAKO YA SERITI SA BOTHO

A joint process of the four sister churches: URCSA, DRCA, DRC and RCA

Die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK), NG Kerk (NGK), NG Kerk in Afrika (NGKA) en Reformed Church in Africa (RCA) se Algemene Sinodes is saam op weg na eenheid. Ons verhoudings het oor die afgelope twee jaar baie gegroei, in so 'n mate dat ons besluit het om saam 'n Seisoen van Menswaardigheid aan te pak. Ons het diep nagedink oor die eise van die evangelie en navolging van Jesus in ons land. Die omvang waarop mense se Godgegewe menswaardigheid misken word, staan in skrille kontras met die eise van die evangelie. Ons wil nou saam getuig van 'n lewe waarin vier waardes baie sterk funksioneer: **respek, luister, omarming** en **liefde**. Ons is oortuig dat die beoefening van hierdie waardes nuwe gewoontes van menswaardigheid kan laat ontstaan. Hierdie Seisoen sal oor jare strek en aanhou totdat die Here ons anders lei. Ons hoop om later ook ander kerke te betrek en 'n nasionale beweging vanuit die kerk aan die gang te sit. Ons doel hiermee is om te getuig van die nuwe lewe in Christus waarin die waarde wat God aan elke mens gee, verseker word.

Strukture

1. Die Seisoen het 'n bestuurspan:

Collin Goeieman en Leepo Modise	VGK
Tladi Peko en Andries Hoffman	NGKA
Victor Pillay	RCA
Freddie Schoeman en Nelis Janse van Rensburg	NGK

   Die bestuurspan ontvang sy mandaat van die vier Algemene Sinode-moderature. Die bestuurspan rapporteer aan elk van hierdie sinodes. Elke sinode van die vier kerke wys 'n sinodale verteenwoordiger aan.
2. Die Seisoen het ook 'n taakspan.
3. Die bestuurspan is verantwoordelik vir die sake van die Seisoen en finale besluitneming berus by hulle. Die taakspan dink saam met die bestuurspan oor produkontwikkeling en is verantwoordelik om 'n Seisoen-taakspan in elke gebiedsinode saam te stel en te lei. Sinodes wie se gebiede oorvleuel, vorm gesamentlike taakspanne.

Inligting

1. Jy kan met jou sinodale verteenwoordiger skakel indien jy meer inligting wil hê.
2. Ons webblad is 'n baie belangrike bron van inligting: http://menswaardigheid.co.za of http://humandignity.co.za
3. **Chris van Wyk** (acv.vanwyk@gmail.com) is die webmeester. E-pos gerus enige inligting of bydrae wat jy tot die webblad wil lewer aan hom.
4. Ons het ook 'n Facebook-blad. Tik die woorde Menswaardigheid/Human dignity in by die soekfunksie. "Like" asseblief dan die blad sodat jy alle verdere inligting wat daar verskyn, sal sien. **Hanzline Davids** is verantwoordelik vir die Facebook-blad. Jy kan haar per e-pos kontak by revhanzlinedavids@gmail.com.
5. Die administrasie van die Seisoen word deur **Salomi Steenkamp** behartig. Jy kan haar per e-pos kontak by admin@menswaardigheid.co.za of admin@humandignity.co.za.

Proses

Hoe werk die proses van die Seisoen?

1. Elke kerkraad, ring, sinode en lidmaat moet verantwoordelikheid aanvaar en doen soos die Here ons lei. Jy kan preek, konferensies reël, plaaslike geprekke aan die gang kry, groepe stig en nadink oor die waardes van die Seisoen en die implikasies daarvan.

2. Die gebiedstaakspanne sal in sinodale gebiede inisiatiewe loods, soos konferensies, bewusmaking en die verspreiding van produkte.
3. **Produkte:** Die bestuurspan ontwikkel in samewerking met die taakspan produkte soos teologiese boeke, liturgiese voorstelle, musiek en kleingroepgespreksmodelle. Gemeenteleiers word versoek om hierdie produkte, wanneer dit verskyn, in gemeentes, ringe en sinodes te gebruik.

Nadenke en dialoog

Die Seisoen is 'n ruimte waarbinne nadenke en dialoog oor menswaardigheid bevorder word. Daar is baie kwessies waaraan ons aandag moet gee. Die taakspan het egter nou eers agt temas geïdentifiseer: **geslag, seksualiteit, rassisme, armoede, gestremdheid, gesondheid, ekologie** en **onderwys en opleiding**.

Daar sal vir elk van hierdie temas Sirkels van Onderskeiding gestig word, waar ons oor 'n bepaalde tema sal nadink. Uit hierdie nadenke kan "produkte" ontwikkel word om gelowiges te help om verder oor 'n bepaalde tema te besin.

As jy deel van so 'n sirkel wil word, kan jy met jou sinodale verteenwoordiger skakel of jou naam en gekose tema aan ons kantoor e-pos.

Vennote

Bybel-Media en **CLF** is ons kerklike vennote in hierdie proses. Hulle publiseer ons produkte en help ons om prosesse te onderskei.

SINODE	Persoon	E-pos	Sel	Adres
NGKA Vrystaat	Tshedi Masiki	n.v.t.	079 343 5224	✉ 2704 Welkom 9460
NGKA Phororo	Thozamile Sidumo	dssidumo@gmail.com	072 2323 337	✉ 6 Tlakgameng 8616
NGKA MSTS	Mathihodi Mototo	omototo@drcansts.co.za	082 9700 382	✉ 3043 Mmabatho 2735
NGK Namibië	De Wet Mouton	dmouton@iway.na	00264 81 298 8814	✉ 195 Outjo, Namibië
NGK Oos-Kaapland	Willie de Koker	sjef07@gmail.com	083 446 4809	✉ 45 Jeffreysbaai 6330
NGK Oos-Kaapland	Chris van Wyk	acv.vanwyk@gmail.com	082 574 9191	Brewerweg 39, Summerstrand PE 6001
NGK Wes-Transvaal	Gert Cordier	gert@randfontein.ng.org.za	011 412-3097	✉ 6017 Greenhills 1767
NGK Hoëveld	André Bartlett	andre.bartlett@aasvoelkop.co.za	0832745745	✉ 593 Saxonwold 2132
NGK Oostelik	Leon Westhof	leonwesthof@ngelarduspark.org.za	082 820 5041	✉ 914-1121 Wingatepark 0153
NGK Vrystaat	Marius Maree	mariusmareeoo@gmail.com	083 433 3053	Heideln 3, Jim Fouchépark, Welkom 9495
NGK Noord-Kaapland	Louwtjie Louw	louwtjie@mweb.co.za	084 211 0211	✉ 2515 Upington 8800
NGK Wes-en-Suid-Kaap	Elize Morkel	elize@elizemorkel.co.za	083 327 3892	Ainsworthsingel 19, Somerset-Wes 7130
NGK Noordelik	Braam le Roux	akleroux@telkomsa.net	083 452 5963	✉ 26102 Arcadia 0007
NGK Kwa-Zulu Natal	Theo Human	marth@saol.com	082 415 6265	✉ 154 Pinetown 3600
VGK Kaapland	Andrew Esterhuizen	andrew.esterhuizen@telkomsa.net	083 287 0637	✉ 58 Kraaifontein 7569
VGK Kaapland	Pieter Grove	pjgrove1@gmail.com	076 898 3214	Hoekstraat 31 Glenhaven, Bellville 7530
VGK Vrystaat & Lesotho	Shadrack Lekoane	shadrack.lekoane@vodamail.co.za	082 641 9180	✉ 40064 Motse-Thabong 9463
VGK Kwa-Zulu Natal	Meshack Sibeko	sbk@futurenet.co.za	082 921 5271	✉ 279 Nkandla 3855
VGK Namibië	Willie J Julius	vgknarraville@aol.com	00264 81 416 8388	✉ 4312 Vineta, Swakopmund, Namibië
VGK Noordelik	Winnifred Moime	wmoime@nwpg.gov.z	082 2005 938	✉ 126 Saulspoort, 0318
VGK Phororo	Jaky Strauss	jaky.strauss@vodamail.co.za	073 249 2927	✉ 183 Postmasburg 8420
VGK Suidelik/S-Tvl	David Malete	oupamalete@hotmail.com	072 444 9234	✉ 55 Hartbeesfontein 2600